

Leeu kom sy moses teë

Oorvertel deur Anita van Zyl
Illustrasies deur Alzette Prins

“Kom ons gaan jag saam!” sê Leeu vir Jakkals. “As ons ’n klein bokkie vang, is dit joune, maar as ons ’n groot bok vang, is dit myne.”

“Reg so!” sê Jakkals.

En so gebeur dit dat die eerste bok wat hulle vang, ’n groot eland is. Leeu is baie bly. “Ek sal aanhou jag,” sê hy. “Gaan roep jy al my kinders om hierdie vleis te kom haal en dit na my huis toe te vat.”



“Reg so!” sê Jakkals weer, maar toe Leeu weg is, gaan roep hy sy eie kinders. “Leeu dink ek’s ’n dwaas!” lag Jakkals. “Hoekom moet ek sy kinders voer terwyl my eie kinders honger ly?”

Leeu vang nie weer iets nie. ’n Paar uur later kom hy moeg en honger by die huis aan. “Waar’s die vleis?” vra hy vir Leeuwyfie, en lek sy lippe af.

“Watter vleis?” antwoord sy kil.

Leeu is woedend. “Het Jakkals nie vir die kinders gesê om die vleis te gaan haal nie?” brul hy.

“Nee,” sê Leeuwyfie, “hy het beslis nie! Ons is nog steeds honger!”



Woedend storm Leeu na Jakkals se huis, maar die jakkals woon bo-op 'n hoë rots, en die enigste manier om daar te kom, is met 'n tou.

“Haai, Jakkals!” brul Leeu. “Ons moet praat!”

“Wat’s jou naam?” skree Jakkals. “Wie se seun is jy? Waar kom jy vandaan? Waar gaan jy heen? Vir wie soek jy? Waarom soek jy hom?”

Leeu voel verward, maar hy antwoord: “Ek het jou kom sien. Laat sak die tou!”

“Nou goed dan!” skree Jakkals. “Hier kom dit!” Maar die tou wat hy laat sak, is van muisvelle gemaak, en toe Leeu so 'n entjie opgeklim het, breek dit. *Doef!* val Leeu op die grond. Hy sluip woedend weg, terwyl Jakkals skater van die lag.

Gelukkig is Leeu 'n geduldige kêrel. “Ons moet almal water drink,” sê hy grimmig, en sit af rivier toe om daar vir Jakkals te wag. Maar toe die slinkse jakkals uiteindelik by die rivier aankom, sien hy vir Leeu en hardloop dadelik weg. Leeu sit hom agterna, maar Jakkals verdwyn in 'n gat onder 'n boom. Leeu skiet sy groot poot uit. Te laat! Al wat hy beetkry, is die jakkals se stert.



“Leeu, Leeu,” flikflooï Jakkals, “dis nie my stert nie, dis 'n wortel! Kap dit met 'n klip, en kyk of daar bloed uitkom!”

Leeu laat los toe die stert, en gaan soek 'n klip. Onmiddellik wriemel Jakkals homself dieper in die gat in, en trek sy stert agter hom aan. Toe Leeu terugkom en sien dis weg, gaan kruip hy agter 'n klip weg en wag.



'n Paar uur gaan verby voordat Jakkals versigtig by die gat uitloer. Hy kan nie vir Leeu sien nie, maar raai dat hy dalk in die nabyheid is. Om seker te maak, skree hy: "Ho, ek sien jou, my meester, al kruip jy weg!"

Leeu bly tjoepstil. Sy spiere span, gereed om te spring. Maar Jakkals skiet so vinnig uit die gat uit dat Leeu agterbly. Die slinkse jakkals het al weer weggekom!

Dit duur twee weke, maar Leeu is goed met wag. Eendag kry hy dit reg om Jakkals tussen twee rotse vas te keer. Hy is net gereed om te spring, toe Jakkals fluister: "Bly stil! Sien jy nie daardie bosbok daar anderkant nie? Ek is bly jy het my kom help! Bly jy net hier terwyl ek om die rots hardloop en hom na jou toe jaag."

Arme Leeu! Hy verstar – en Jakkals hardloop weer weg.

Nog 'n week gaan verby. Jakkals vind uit dat Leeu al die diere met horings bymekaar gaan kry. "Ek dink ek sal na daardie vergadering toe gaan!" sê Jakkals. "Ek voel lus vir 'n bietjie pret!"

Jakkals steel toe was uit 'n byekorf, en maak vir homself 'n pragtige paar horings. "Wat 'n goeie vermomming!" smaal hy toe hy by die vergadering aankom. "Niemand weet dit is ek nie!"

Maar Jakkals maak een fout – hy gaan sit langs die vuur. Daar raak hy te gemaklik en hy sluimer in. Gou-gou word sy vals horings sagter en sagter. Uiteindelik smelt hulle en vorm 'n poeletjie was op die grond.

"Kyk!" skree Wildebees skielik. "Dis Jakkals!"

"Vang hom!" brul Leeu, maar die lawaai maak vir Jakkals wakker en hy kruip vinnig onder 'n oorhangende rots weg. "Help!" skree hy. "Hierdie rots val op my!"

"Nou's hy myne!" lag Leeu, en draai om om 'n paal te kry waarmee hy die rots kan stut sodat hy vir Jakkals kan vang. Maar ai toggie! Toe Leeu omdraai, skiet Jakkals weg, en snork soos hy lag. Hy het al weer vir Leeu geflous!

